

**Maandag 24 Februarie**

**Skrifgedeelte: 2 Konings 20:1-11**

**Fokusgedeelte: 2 Konings 20:6**

### **Die HERE genees Hiskia ter wille van Homself en sy Kneg**

**H**iskia vra die HERE vir genesing en Hy gee dit vir hom. Die genesing is Hiskia ten goede: hy kan weer na die huis van die HERE gaan om Hom daar te aanbid.

Die genesing is ter wille van die HERE Self en sy kneg Dawid. As Hiskia op daardie stadium sou sterf, sou die volk gesukkel het om staande te bly teen hulle vyande, die Assiriërs. Hiskia word genees omdat die HERE hom nog wil gebruik. Hiskia word genees ter wille van die HERE se kneg Dawid, aan wie die HERE belowe het: "En jou juis en jou koningskap sal bestendig wees tot in ewigheid voor jou; jou troon sal vasstaan tot in ewigheid" (2 Sam. 7:16).

Hiskia staan in 'n lyn van konings uit wie die ware Koning, die Kneg van die HERE, Jesus Christus, gebore sou word. Daarom kry ons ook Hiskia se naam in Jesus se geslagsregister in Matteus 1. Waar die HERE vir Hiskia gebruik het om sy volk veilig te hou teen Assirië, het Jesus Christus gekom om God se kinders se grootste vyande, die sonde en die dood, te oorwin. Waar Hiskia genees was, het Jesus Christus Godsverlate aan die kruis gehang. Omdat dit tot die HERE se eer strek. Omdat dit God se plan van redding vir sy kinders is.

As gelowiges lewe ons met die sekerheid dat ALLES wat met ons gebeur, vir ons ten goede is. Dat dit uit ons hemelse Vader se hand kom en dat Hy dit toelaat en gebruik ter wille van Homself en sy Kneg, Jesus Christus. Lewe met die troos dat die HERE in beheer is en dat jy ewig aan Hom behoort wanneer jy in sy Kneg, Jesus Christus, glo. Sy Kneg wat ons Koning is.

*Sing: Psalm 33-1:2, 6*

*Ds. GP van Rhyn (Gerhard) (Komatipoort)*